Kalanchoe (Plakkie)

E: Sneeze plant A; plakkie H: Ondjize ongeama D: Kalanchoe (die Gartenkalanchoe werden "Flammendes Käthchen" genannt)

Algemene inligting: Die Kalanchoe behoort aan die geweldige groot familie van die Crassulaceae , wat succulente plante is, en het op sigself oor die 100 verskillende soorte, waarvan die mooistes in Madagaskar groei. Dis diegene, wat ons so graag in ons tuine of as potplante het, omdat hulle so pragtig vertoon en redelik gehard is (Kalanchoe blossfeldiana).

Kalanchoe blossfeldiana

Hulle hou van halfskaduwee en groei in /onder bosse. Kalanchoe brachyloba staan tot 1,5m hoog, blom geel (somer) en is veral sigbaar as dit droog geword het. Dit vertoon baie mooi rooibruin en is gewild vir droe rangskikkings. Kalanchoe lanceolata blom helder oranje, groei nie so baie hoog nie, om en by 50 cm hoog, en is gewoonlik goed sigbaar. Kalanchoe rotundifolia is moeiliker om op te spoor, die blomme is klein en yl.

Kalanchoe lanceolata (blom lig tot helder oranje)

Kalanchoe rotundifolia blom oranje na ligrooi

Kenmerkend is hulle VIER kroonblare (die ander Crassulaceae het vyf)
Die meeste Kalanchoe spesies is giftig , veral vir kleinvee, maar ook vir beeste en veroorsaak krimpsiekte wat tot vrektes kan lei. Die blommkoppe en vrugte is giftiger as die res van die plant.

Simptome van vergiftiging: asemhalingsprobleme, veral die uitasem-bewegings is sterk sigbaar,
Nadoodse ondersoek toon bloederigheid en water op die longe en lugpyp asook by die slymvliese van dun- en blindederm
Siek diere sak by die trop agter uit, bly lê en vrek.

Interessant is die medisinale gebruik: blare en/of wortels word gedroog, fyn gemaal en gesnuif teen kopseer en nekpyne (die snuif laat jou nies, en as jy nies, is dit 'n teken, dat die "siekte" uit die liggaam gaan), so se die Boesmans. Hulle meng ook van die wortelpoeier met ‘n bietjie water, kook dit tot dit wit word en drink dit dan teen rug-, nek- en liggaamspyne. Dis blykbaar 'n baie sterk medisyn.

‘n Ander gebruik is om kinders met ‘n kindersiekte met uitslag (soos masels, Duitse masels, waterpokkies) te laat uitslaan deur middel van ‘n stoombad met verpoeierde Kalanchoe-wortels. Jukkende veluitslae word met ‘n salf (vet en wortelpoeier) behandel.

Die droë stingels van Kalanchoe brachyloba is hol en word dikwels gebruik om 'n volstruisveer, wat vir Boesmanrituele gebruik word, te bêre.

Kalanchoe brachyloba(blom geel)

Die droë blom is dekoratief en vertoon opvallend in die veld in die winter.
Gifplante met interessante eienskappe, wat ook nog in 'n rotstuin gebruik kan word; ek dink, vergiftigings kom veral voor, as daar nie genoeg ander vars kos vir die vee is nie, in droogtetye of in oorbenutte kampe.

Inligtingsbronne: Wildflowers of the Central Highland of Namibia (Coleen Mannheimer)
Toxic Plants of Veterinary Importance in Namibia (Coleen Mannheimer, Anna Marais, Sonja Schubert)
Gemsbok bean and Kalahari truffle (Arno Leffers)
Wildflowers, Waterplants and Grasses of the Okavango Delta and Kalahari
Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen)
Google Wikipedia

Teks en Fotos: Anka Eichhoff

April 2014 (geaktualiseer Mei 2015)